A # THERON, VAN DER POEL, BRINK, ROOS v SIMONSIG LANDGOED EN 'N ANDER

APPÈLAFDELING

VAN HEERDEN AR, E M GROSSKOPF AR, GOLDSTONE AR, VAN DEN HEEVER AR en
B HARMS AR

1994 Mei 27 Saaknr 125/92

*Koste—Party en party—Deskundige getuies—Kwalifiserende fooie van—Ten aansien van deskundige getuienis deur vennote van verweerder vennootskap—In lig van Reël 70(3) van Eenvormige*
C *Hofreëls moet deskundige se voorbereidingsgelde uit kostes en uitgawes bestaan—Waar dit nodig sou wees vir verweerder om inligting aan Verhoorhof voor te lê waaruit sou blyk dat vennote koste en uitgawes aangegaan het om hulle voor te berei vir deskundige gedeelte van hulle getuienis, en daardie inligting nie*
D *voorgelê word nie, kan kwalifiserende fooie nie toegelaat word nie.*

In die lig van Reël 70(3) van die Eenvormige Hofreëls moet 'n deskundige getuie se voorbereidingsgelde uit koste en uitgawes bestaan voordat dit as kwalifiserende fooie toegelaat kan word. (Op 208E/F.)

Waar die Hof gevra word om die kwalifiserende fooie van deskundige getuies toe te laat, welke deskundige getuies vennote van die suksesvolle party is (die suksesvolle
E party in die huidige geval was 'n vennootskap van geoktrooieerde rekenmeesters) en die geval een is waar die suksesvolle party inligting aan die Verhoorhof moet voorlê waaruit dit blyk dat die vennote koste en uitgawes aangegaan het ten einde hulle vir die deskundige gedeelte van hulle getuienis voor te berei, en daardie inligting word nie aan die Verhoorhof voorgelê nie, kan die aangevraagde kwalifiserende fooie nie toegestaan word nie. (Op 208G–G/H.)

F

---

*Costs—Party and party—Expert witnesses—Qualifying fees of—In respect of expert evidence by partners of defendant partnership—In the light of Rule 70(3) of Uniform Rules, expert's qualifying expenses should consist of costs and disbursements—Where it would be necessary for defendant to place information before trial*
G *Court indicating that partners had incurred costs and disbursements in order to prepare for the expert part of their evidence, and that information is not placed before the Court, qualifying fees cannot be allowed.*

In the light of Rule 70(3) of the Uniform Rules of Court the qualifying expenses of an expert witness have to consist of costs and disbursements before they can be allowed as qualifying fees. (At 208E/F.)

H Where the Court is asked to allow the qualifying fees of expert witnesses, which expert witnesses were partners of the successful party (the successful party, the defendant, in the present case being a partnership of chartered accountants) and the case was one where the successful party had to place information before the trial Court from which it would appear that the partners had incurred costs and disbursements in order to prepare themselves for the expert part of their evidence, and that
I information is not placed before the trial Court, the request for the allowance of qualifying fees cannot be granted. (At 208G–G/H.)

---

Uitspraak ten aansien van 'n versoek vir die toelating van die kwalifiserende fooie van deskundige getuies. Die feite blyk uit die uitspraak van
J Harms AR.



A *W H Trengove* (bygestaan deur *M du P van der Nest*) namens die appellant: Van der Vyver, Bosman en Labuschaigne het onder meer deskundige getuienis gegee. Dit was paslik en redelik om hul deskundige getuienis aan te bied. Die appellant sou dus normaalweg geregtig wees op 'n bevel wat hom in staat stel om hul kwalifiserende gelde ingevolge sy kostebevel teen die respondente te verhaal. Die enigste vraag is of hy van
B so 'n bevel ontneem moet word omdat die getuies vennote in die appellant en dermate partye tot die geding was. Die vraag of 'n deskundige litigant self op kwalifiserende fooie geregtig kan wees, is in *Texas Co (SA) Ltd v Cape Town Municipality* 1926 AD 467 op 488–9 oopgelaat. Ten aansien van die essensie van kwalifiserende gelde, sien *Champion v Morkel* 1971 (2)
C SA 121 (R) op 128. Hierdie uitgangspunt is ewe toepaslik waar die litigant self deskundige getuienis aflê. Daar is geen regverdiging vir enige onderskeid nie. 'n Litigant wat leke-getuienis aflê, is op sy redelike koste geregtig, indien sy getuienis nodig was. *Hannons Detective Agency v Wannenburg* 1956 (3) SA 459 (T) op 460; *Gouws v Montesse Township & Investment Corporation (2)* 1964 (3) SA 609 (T) op 610; *A v B and C* 1976
D (4) SA 31 (R) op 34; *Theodorides v AA Mutual Assurance Society* 1986 (3) SA 906 (O) op 920. Daar is dus geen beginselbeswaar daarteen dat 'n litigant-getuie toegelaat word om sy koste te verhaal nie. Dit is so dat 'n litigant, in die algemeen gesproke, slegs sy onkoste kan verhaal, synde bedrae wat hy uitbetaal het of waarvoor hy aanspreeklik geword het. Dit
E is egter nie 'n onwrikbare reël nie en geld nie in geval van 'n litigant wat self werk doen waarvoor hy andersins 'n deskundige in diens sou moes neem nie. 'n Prokureur wat persoonlik en suksesvol sy eie saak bedryf, is geregtig om die koste te verhaal wat hy aan 'n ander prokureur sou moes betaal om sy saak te bedryf. Sodanige prokureur kan vergoed word vir
F '. . . costs which represent not an expenditure or a liability but an earning'. *Texas Co (SA) Ltd v Cape Town Municipality* (*supra* op 488–9). 'n Prokureur wat sy eie saak voer, kan vergoed word vir koste waar hy 'n vennoot in sy firma aanstel om die saak te bedryf. *Knoll v Van Druten and Another* 1953 (4) SA 145 (T) op 148A–F. 'n Prokureursfirma wat sy eie saak bedryf, kan vergoed word vir die tyd en moeite van die professionele
G assistent in die firma, wat die saak vir hom aanvoer. *Bester & Grovè v Benson* 1980 (1) SA 276 (K) op 277C–278A. Selfs al kan 'n litigant nie vergoeding vir sy eie dienste verhaal nie, is die onderhawige geval nie so eenvoudig nie. Die appellant was 'n vennootskap. Dit is gemeensaak dat die vennootskap ontbind het voor die respondente hul aksie ingestel het.
H Ingevolge Hofreël 14(5), was die aksie dus een teen al die voormalige vennote. Die drie deskundige getuies, het dus nie net in hul eie verdediging getuig nie. Hulle is ook geroep deur, en het deskundige getuienis afgelê namens, al hul mede-verweerders. Dit sou anomalies en onregverdig wees om laasgenoemde medeverweerders van die reg te ontneem om
I die kwalifiserende gelde van die deskundige getuies te verhaal, terwyl hulle geregtig sou wees om dit te doen indien hulle buitestanders as deskundiges geroep het.

*S F Burger SC* (bygestaan deur *W H G van der Linde*) namens die respondente: Die oogmerk van 'n kostebevel is om 'n suksesvolle litigant te vrywaar teen uitgawes wat hy aangegaan het tydens litigasie (sogenaamde 'out-of-pocket expenses') en die professionele fooie van sy regs-
J

A verteenwoordigers. *Webb v Union Government* 1917 AD 195 op 202–3.
Hieruit vloei die algemene reël dat 'n litigant slegs daardie kostes kan
verhaal wat hy inderdaad betaal het, of regtens verplig is om te betaal.
*Texas Co (SA) Ltd v Cape Town Municipality* 1926 AD 467 op 488. Die
gemeenregtelike reël vind dan ook neerslag in Eenvormige Hofreël 70(3):
B '. . . alle uitgawes redelikerwys deur hom aangegaan . . .'. 'n Litigant is
ook geregtig, as hy verklaar is as 'n noodsaaklike getuie, om sy eie
uitgawes as getuie te verhaal. *Texas Co*-saak *supra* op 489. Laasgenoemde
reël is vir huidige doeleindes ontersaaklik. Die vraag tans onderhawig is of
'n litigant ook geregtig is op vergoeding om homself voor te berei om in sy
eie geding deskundige getuienis te gee, oftewel of hy op sogenaamde
C 'kwalifiserende fooie' geregtig is; en dus om professionele fooie te verhaal
op die teenkant ten spyte daarvan dat hy nie uitgawes aangegaan het nie.
Die enigste uitsondering op die algemene reël dat 'n suksesvolle litigant
slegs uitgawes kan verhaal van die onsuksesvolle teenparty, is dié van 'n
prokureur wat sy eie saak hanteer—hy is geregtig om fooie te verhaal asof
D hy 'n ander prokureur opgedra het om namens hom op te tree. *Texas*-saak
*supra* op 488; *Webb*-saak *supra* op 200–1. Normaalweg is 'n litigant nie
geregtig op vergoeding vir die tyd wat hy spandeer aan sy eie geding nie,
want die vasstelling van die omvang van sodanige vergoeding sal op sigself
aanleiding gee tot nuwe litigasie. Hierdie beswaar geld egter nie ten
aansien van prokureurs nie, want hulle fooie word bepaal aan die hand van
E 'n tarief wat onder die beheer van die Hof self is. Dit is duidelik uit al drie
uitsprake wat in die *Webb*-saak gelewer is, dat die posisie van die
prokureur (of advokaat) in hierdie verband *sui generis* is. Sien die
*Webb*-saak op 199, 200 (*per* De Villiers RP), op 203 (*per* Mason R) en op
205, 206 (*per* Bristowe R). Die gewysdes waarna die appellant in sy hoofde
F van argument verwys, verwys dan ook almal na die prokureur-litigant.
Daar is geen logiese rede of gesag vir die uitbreiding van hierdie
uitsondering na ander professies nie. Die *Webb*-saak laat ook nie ruimte
vir so 'n uitbreiding nie. Die rasionale vir die uitsondering op die reël dat
'n litigant slegs sy werklike uitgawes kan verhaal, geld slegs vir die
prokureur-litigant, en vir redes wat juis nie van toepassing is nie op ander
G deskundiges. Bevele met betrekking tot kwalifiserende fooie is 'n diskre-
sionêre aangeleentheid. Dit word nie geredelik gemaak nie, en indien daar
twyfel bestaan, behoort dit nie toegelaat te word nie. *The Government v The
Oceana Consolidated Co* 1908 TS 43 op 48; *Stauffer Chemical Co v Safsan
Marketing & Distribution Co (Pty) Ltd* 1987 (2) SA 331 (A) op 355C–D.
H Selfs al sou die uitsondering uitgebrei word om ook met betrekking tot
ouditeurs te geld, blyk dit uit die getuienis dat die toepassing daarvan in
die onderhawige saak ondoenlik is. Dit was onvermydelik dat Van der
Vyver, Bosman en Labuschaigne as nie-deskundiges moet getuig. Van
der Vyver moet, en het getuig, oor die voor-vennootskapjare en die Junius-
I opdrag. Bosman het veral getuig met betrekking tot sy uitvoering van die
oorkoepelende opdrag. Labuschaigne het getuig veral met betrekking tot
die gebeure onmiddellik nadat die bedrog opgespoor is. Die komponente
van hul getuienis wat met deskundige aspekte gehandel het was inhoudelik
en tydsgewys van geringe omvang. Dit is verder ook nie moontlik nie om
te onderskei tussen tyd wat deur hierdie getuies gespandeer is om op die
J feite voor te berei, en tyd wat deur hulle gespandeer is om hulle as



deskundiges te kwalifiseer nie. Selfs al sou laasgenoemde periodes identi- A
fiseer kon word, is daar geen getuienis dat die bepaalde getuies, as gevolg
van die tyd wat hulle gespandeer het om hulle as deskundiges te
kwalifiseer, professionele fooie verbeur het wat hulle andersins sou
verdien het nie.

**Harms AR:** Kragtens 'n bevel van hierdie Hof gedateer 22 Maart 1994 het B
die appellant se appèl met koste geslaag en is die respondente se eise
teen die appellante afgewys. Geleentheid is aan die partye verleen om
skriftelike betoog in te dien oor die vraag of die kwalifiserende fooie van
drie van die appellant se getuies, te wete menere Van der Vyver, Bosman
en Labuschaigne, toegelaat kan word al dan nie. Die appellant was 'n C
firma van geoktrooieerde rekenmeesters. Die respondente het gepoog om
die appellant vir skadevergoeding wat sou voortgevloei het uit beweerde
professionele nalatigheid, aanspreeklik te stel. Hierdie persone was van die
vennote waaruit die firma destyds bestaan het. Hulle was due nie alleen
getuies nie maar regtens ook mede-gedingspartye, en hulle getuienis was D
nie bloot feitelik nie maar ook deskundig van aard. Aangesien die
appellant in die Hof benede onsuksesvol was, het 'n toekenning van hulle
kwalifiserende fooie nie ontstaan nie. Tydens die appèl is in die be-
toogshoofde van die appellant om 'n bevel in dier voege gevra. Die
respondente se advokate het nie met hierdie aspek gehandel nie en dit het
ook nie tydens betoog te berde gekom nie. Daarom dan die noodsaak vir E
die aanvullende betoog en hierdie uitspraak.

In *Texas Co (SA) Ltd v Cape Town Municipality* 1926 AD 467 op 488 het
Innes HR die volgende gesê:

'Now costs are awarded to a successful party in order to indemnify him for the
expense to which he has been put through having been unjustly compelled either F
to initiate or to defend litigation as the case may be. Owing to the necessary
operation of taxation, such an award is seldom a complete indemnity; but that does
not affect the principle on which it is based. Speaking generally, only amounts
which the suitor has paid, or becomes liable to pay, in connection with the due
presentment of his case are recoverable as costs.'

Hy het bygevoeg dat daar uitsonderings op die reël bestaan, maar het G
die vraag of die kwalifiserende fooie van 'n getuie wat ook 'n party is,
toegeken kan word, oopgelaat (op 489). Die probleem wat in die
*Texas*-saak te berde gekom het, was die volgende: Die verweerder (die
munisipaliteit) het van sy eie personeel as getuies gebruik en vir daardie
doeleindes moet hulle hulself kwalifiseer om te kon getuig. Die Verhoor- H
hof het as koste 'n bedrag gelykstaande aan hulle salarisse vir die tydperk
van voorbereiding toegeken. Hierdie bevel is op appèl tersyde gestel
omdat die voorbereidingswerk nie inbreuk op die munisipaliteit se gewone
werksaamhede gemaak het nie en omdat dit nie ekstra uitgawes vir die
munisipaliteit meegebring het nie. Die feit dat die munisipaliteit andersins I
van eksterne getuies gebruik sou moes maak en hulle vergoed, was
ontersake omdat dit nie is wat gebeur het nie. Die werknemers het ook nie
'n aanspraak op vergoeding vir hierdie addisionele dienste gehad nie.
Vergelyk ook die benadering in *Number Plates & Signs (Pty) Ltd v Levin*
1943 CPD 94. Wat opval is dat geverg is dat die party daadwerklik 'n
addisionele uitgawe moes aangaan alvorens hy die koste kon verhaal. J